

19 September

Skrifgedeelte: Lukas 24

Fokusgedeelte: Handeling 1:9; ook HK, So 18

Op pad na die hemel

Ons weet dat die Bybel drie betekenisse aan die woord *hemel* heg: “wolkehemel”, “sterrehemel” en “woonplek van God”. Ons kan nie met 'n vinger wys en sê "hier" is die “hemel” waarvan gepraat word as die allerheerlikste plek van God se teenwoordigheid, die plek waar die siele is van almal wat salig gesterf het nie. Vir ons as gelowiges maak dit nie saak dat ons nie weet wáár die hemel is nie. Wat belangrik is, is dat ons glo die hemel bestaan en dat ons die pad daarheen ken, naamlik deur in ons Here Jesus te glo!

Daar is baie dinge wat in die Bybel aan ons geopenbaar word wat vir ons klein, sondebewelde verstandjies onverstaanbaar en onverklaarbaar is. Dit gaan immers oor geloof – oor daardie volstreekte sekerheid en vertroue wat die Heilige Gees in ons harte werk ten opsigte van die onsienlike, bonatuurlike, wonderlike en heerlike dinge van ons God. Dit gaan oor ons geloof dat ons Here Jesus liggaamlik en sigbaar na die hemel opgevaar het en dat die hemelvaart 'n lewensveranderende invloed op ons het. Die hemelvaart is vir ons die bewys en die pand van ons totale verlossing. Sy liggaam in die hemel is vir ons die versekering van ons liggaamlike opstanding. Eenmaal as ons sterf, sal ons siele ook tot Hom geneem word.

Intussen het Hy ons sy Heilige Gees gegee. Vir ons is daar nou 'n direkte kontak en kommunikasie tussen die hemel en aarde, want deur die Heilige Gees styg ons gebede tot God en deur die Heilige Gees kry ons antwoorde van God.

Ons sou kon sê dat Jesus se hemelvaart tegelykertyd die oomblik van die groot skeiding van die Here en die begin van sy ewige teenwoordigheid is. Onthou dat Hy gesê het: “Ek gaan weg ...” Hy het ook gesê (Matt 28:20): "Kyk, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Sy menslike liggaam het liggaamlik opgevaar en Hy is van ons geskei, maar na sy Godheid, genade, majesteit en Heilige Gees is Hy altyd oral teenwoordig tot aan die voleinding van die wêreld!

Ds PK Lourens (Bloemfontein-Oos)